

Maandag 25 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:16-24

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:21

Wees altyd daarop gesteld om korrek op te tree

Om die Korintiërs te help om vol vertroue te wees dat hulle offergawes op die regte manier gebruik sou word, het Paulus 'n paar goeie woorde oor Titus voorgelê, wat die offer sou vergesel. Hy noem dan 'n tweede en derde persoon wie se name nie bekendgemaak word nie.

Paulus is al voorheen beskuldig van onbehoorlike motiewe toe hy die evangelie verkondig het. Hy sou maklik nou nog te meer beskuldig word oor die offergawes. Hy het dus voorsorg getref, net soos wat ons vandag 'n ouditeur kan gebruik om te verifieer dat die aanbiedinge gebruik word vir die doel waarvoor hulle versamel is. Hy was ingestel om korrek op te tree.

Daar is 'n goeie rede dat daar met soveel verantwoordelikheid opgetree word. Hierdie fondse word aangewend tot eer van die Here, vir dié wat minder het as ander. Vir dié mense wat 'n oorfloed het om te deel met diegene wat behoefte het. Paulus het verskillende metodes van oorreding gebruik om te gee, naamlik sy eie verhouding met die gewers, hulle verhouding met God, hulle reputasie met ander, hulle begeerte om hulleself te bewys, die voorbeeld van Christus, die voorbeeld van ander, en die versekering van getroue hantering van die offers.

Waarom sou Paulus, wat op die kruis van Christus gefokus het, soveel van sy brief gebruik om oor geld te praat? Die rede is omdat hy verstaan dat daar 'n logiese verband is tussen die kruis en Christelike gedrag.

Jesus se bereidwilligheid om te gee, is 'n voorbeeld wat gelowiges moet volg. Ons prioriteit in die lewe is nie ons eie gemak nie, dit is om Christus te dien deur ander te dien. Sy genade teenoor ons moet weerspieël word in ons genade teenoor ander.

Sing: Psalm 110-3:1-3

Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)